Graad 9 Afrikaans EAT
Lesplan vir kwartaal 1: Week 1 & 2

Naam van les: Advertensies	**Tyd**: 2 weke (12 uur)
Graad 9: Kwartaal 1: Week 1 & 2	**Vak:** Afrikaans (Eerste Addisionele Taal)

Opsomming van die eenheid
In hierdie eenheid leer leerders hoe om 'n advertensie te ontwerp.
Kurrikulumverwysing
KABV-standaarde Graad 9 Afrikaans Eerste Addisionele Taal Kwartaal 1 Week 1 & 2

Vaardigheid	**KABV-vereistes**	**Aktiwiteite**
Luister & praat	Luister- en praatstrategieë Groepbespreking/gesprekvoering: Luister/kyk na 'n advertensie en bespreek: • Toon • Tempo • Emotiewe en manipulerende taalgebruik • Skrifgrootte • Liggaamstaal Luister met begrip: advertensie: • Teken kern- en ondersteunende idees aan deur notas te maak • Deel idees en ervarings en wys begrip van konsepte • Identifiseer oorredende/ manipulerende tegnieke • Beantwoord vrae	Kyk na 'n advertensie op YouTube en bespreek vrae daaroor in die klas.

© e-classroom 2015

Lees & kyk	Lees en kyk vir begrip (visuele teks soos 'n advertensie/plakkaat/ strokiesprente): • Vluglees • Soeklees • Aandagtige lees • Maak afleidings (karakters, ruimte, milieu en boodskap) • Afleiding van betekenis van onbekende woorde deur woordaanpakvaardighede • Gevoelstaal • Liggaamstaal • Gebruik van leestekens en lettertipe • Pre-lees • Tydens lees (kenmerke van die teks) • Post-lees (beantwoord vrae, vergelyk, kontrasteer, evalueer) Literêre teks soos jeugroman/ kortverhale/drama: • Pre-lees (lei die teks in) Verken literêre kenmerke, soos titels, opskrifte,illustrasies, lettertipe en skrifgrootte Ondersoek dele van 'n boek, soos die boekomslag, flapteks, titelbladsy, indeks, hoofstukke en woordelys • Tydens lees (kenmerke van die teks) • Post-lees (beantwoord vrae, vergelyk, kontrasteer, evalueer) Leesstrategieë: • Vluglees • Soeklees • Aandagtige lees • Opsomming • Visualisering • Afleiding van betekenis en gevolgtrekkings	Bestudeer 'n advertensie en beantwoord vrae daaroor.

© e-classroom 2015

Skryf & aanbied	Transaksionele tekste – advertensie/plakkaat: • Korrekte formaat • Doel • Kenmerke van die teks • Taalgebruik • Register Fokus op die skryfproses: • Beplanning • Konsep • Hersiening • Redigering • Proeflees en aanbieding van finale konsep Skryf 'n advertensie/plakkaat	Ontwerp 'n advertensie na 'n sosiale byeenkoms of 'n opvoering.
Taalstrukture & -konvensies	Die hersiening van taalstrukture en -konvensies wat in vroeër grade onderrig is Woordvlakwerk: Spelreëls en spelpatrone Afkortings Sinsvlakwerk: sinstruktuur, selfstandige naamwoorde, byvoeglike naamwoorde, voornaamwoorde Gebruik van teenwoordige tyd, verlede tyd, toekomende tyd Woordeskat in konteks Remediërende taalonderrig, na aanleiding van taalfoute tydens skryfaktiwiteite	Beantwoord taalstruktuur- en - konvensievrae wat met die advertensie uit hierdie week se "Lees en kyk"-afdeling verband hou. Leer nuwe woordeskat.

© e-classroom 2015

kykNET

Voorbereiding van die onderwyser voor daar met die eenheid begin word:
1. Lees deur die aktiwiteite in hierdie eenheid en raak vertroud met die inhoud en die hulpbronne wat dit vereis. 2. Identifiseer die woordeskat in hierdie eenheid en skryf die woorde op 'n woordelys. Hersien dit gereeld om seker te maak die leerders verstaan en onthou dit. Doen elke twee weke 'n speltoets. 3. Let op wie van die leerders remediëring benodig en beplan daarvolgens dit deur nog relevante aktiwiteite vir hulle te kry.
Hulpbronne
https://www.youtube.com/watch?v=NKykaYxA1wU http://rooirose.co.za/viewevent.aspx?id=1264&h=kykNET-Musiek-se-Bonnox-Plaasvars-fees
Assessering
Informele assessering
In die informele assessering hou die onderwyser verslag van die leerders se vordering wat hulle gemaak het met die doen van die werkkaarte in die verskeie leerareas deur die loop van die twee weke. Kies u eie vorm van informele assessering.
Formele assessering
Daar is formele assessering aan die einde van die kwartaal waartydens al die konsepte hersien en geassesseer sal word.